e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

16 Oktober 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 32

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

VOORBLAD

Wat maak die Hervormde Kerk anders?

Wie is die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika? In 'n artikel in die *Almanak* van 2009 skryf die sekretaris van die Raad vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, onder meer soos volg:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het in 2005 die waardes geïdentifiseer wat wyd in ons Kerk gedeel word. Voorop staan die Hervormde Kerk se Skrifbeskouing, haar *nugterheid in ons omgang met die Woord*. Ons kyk met groot eerlikheid krities na die verskillende tekste van die Ou- en Nuwe-Testamentiese boeke as tekste wat uit 'n verre, vreemde samelewing afkomstig is, maar ons maak groot erns met die verkondiging van hierdie tekste se getuienis oor God.

Die trant van ons argumentvoering oor aktuele kwessies getuig van *nederigheid in ons lewe voor God*. Ons besef dat ons – net soos die Bybelse tekste en belydenisskrifte van die kerk – deur ons tyd en omstandighede beperk word om maar net 'n fraksie van God se Woord en werk te kan verstaan. Ons antwoorde op aktuele kwessies is voorlopig en genuanseerd, nie absoluut en tydloos nie. Dit blyk uit ons beredenering van kwessies soos politiek, evolusie, ekologie, vroueregte (ook in die kerk), kleredrag, Sabbatsheiliging, homoseksualiteit, ensovoorts.

Menslikheid (liefde en deernis) in ons verhoudings met mekaar en ander mense is vir ons belangrik. Daar is baie voorbeelde van liefdesdiens wat ons Kerk oor jare gedoen het: spontaan deur gelowige lidmate in elke gemeente, en georganiseerd deur kerklike strukture soos ouetehuise, weeshuise, en Die Ondersteuningsraad. So het ons geantwoord op die roepstem en voorbeeld van ons Here self.

Ons menslikheid het ons wel soms daarvan weerhou om eerlik na mekaar en ander mense te luister. Maar ons kan juis as kinders van die Kerkhervorming bely dat ons tegelyk verlostes en sondaars is. Ons kan, juis as Hervormers, bely dat ons insig altyd beperk is, dat ons uitsprake altyd voorlopig is, en dat ons doen en ons late altyd onvolmaak is. Ons kan erken dat ons verkeerd was, en ons kan anders praat en anders doen – juis omdat ons Hervormers is!

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 14 Oktober 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in *op e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep bedank

Ds Frikkie Labuschagne van Parys na Declerqville.

Beroep aanvaar

Ds Albert Minnaar (heel links) van Glencoe na Barberton.
Ds Chris Liebenberg (middel) van Grootvlei na Warmbad.
Ds Kálman Papp (heel regs) van Nigel na die Bybelgenootskap as Sekretaris in Kerkverband.

Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor 31 Oktober jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die AKV vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning.

Vakante standplase

Besoek asseblief die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za vir volledige inligting oor beskikbare vakatures.

Vakante standplaas: Kombinasie Witbank/Witbank-Noord

Die kombinasie Witbank/Witbank-Noord wag aansoeke in van predikante van die Kerk om die **voltydse standplaas** te vul. Die aansoeke sluit op **Donderdag 30 Oktober 2008.** Aansoeke moet gerig word aan die Kombinasiekomitee by faksnommer 013 650 0985 of per e-pos aan Sandra.nhk@web4us.co.za.

Vakante standplaas: Gemeente Strand

Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die Hervormde Kerk word ingewag vir die vul van Gemeente Strand se **volversorgde standplaas** wat op 23 November 2008 vakant raak. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op koste van die gemeente daar te gaan preek en 'n onderhoud met die kerkraad te voer. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Om aansoek te doen, moet 'n volledige CV met verwysings teen **Vrydag 31 Oktober 2008** gestuur word aan die skriba van die gemeente, by Posbus 417, Strand 3139, of per e-pos na johanjaco@mweb.co.za. Navrae kan ook aan die skriba, oudl J Botha, gerig word by telnr 021 851 6351.

Vakante standplaas: Gemeente Krugersdorp-Wes

Die gemeente wag aansoeke in van dinamiese predikante met 1-4 jaar ervaring vir hulle **volsorgstandplaas.** Die lidmate woon in 'n radius van ongeveer 5 km. Daar is 263 belydende lidmate (waarvan 87 bo 60 is) en 85 dooplidmate. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Maandag 10 November 2008.** Stuur aansoeke asseblief aan Doug.Musgrove@absa.co.za.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds André Oberholzer** het op Sondag 12 Oktober van Gemeente Losberg afskeid geneem. Hy het die beroep na Koedoesrand aanvaar.

- Die Ringskommissie van Krokodilrivier het met **ds Kalfie Loots,** emerituspredikant, ooreengekom om steeds die pastorale bediening van Gemeente Joachim Prinsloo te behartig, tot vroeg in 2009. Die kerkraad sal in die nuwe jaar met sy beroepswerksaamhede begin.

- **Ds Jan Wilson** van Gemeente Klerksdorp-Suid het versoek dat almal wat simpatie betuig het of hom andersins ondersteun het na die onlangse dood van sy vrou, van harte bedank word. Dit was vir hom 'n groot onderskraging in 'n bitter moeilike tyd.

- **Ds Tinus Swart** behartig hospitaalbesoeke aan Hervormde lidmate in Bloemfontein. Lidmate en hul familielede van buite die gebied wat in die hospitaal besoek wil word, kan hom skakel by 083 686 2568 / 051 522 2616.

- **Gemeente Theresapark** is op 23 Oktober 25 jaar oud. Die geleentheid word feestelik gevier op Sondag 26 Oktober met 'n Dankdiens om 10:30, gelei deur prof Theuns Dreyer, voorsitter van die AKV. Alle oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. Vir meer besonderhede kontak ds Fanie Naudé by 012 542 1321 / 083 391 3151 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568.

- **Gemeente Nigel** sal vakant wees wanneer ds Kálmán Papp van die standplaas losgemaak is. Hy begin sy werk by die Bybelgenootskap amptelik op 1 Desember. Ds Papp is sedert 1993 in die gemeente werksaam.

- **Gemeente Grootvlei** het met hartseer kennis geneem van die besluit van ds Chris Liebenberg om die beroep na Warmbad te aanvaar. Hy werk sedert 1999 met groot vrug in die gemeente.

- **Gemeentes Dendron en Vivo** maak tans tydelik gebruik van die dienste van proponent Giel Malan, terwyl besin word oor die toekomstige bediening. Die konsulent en Ringskommissie gee aan die gemeentes leiding.

- **Ds Martin van Rensburg** en 'n aantal lidmate van **Gemeente Phalaborwa** vertrek op Donderdag 16 Oktober na Harare om die lidmate te besoek. Die gemeente het ten volle ingestaan vir die versamel en aankoop van die voorrade en sorg ook vir die delging van die koste vir die besoek.

- Met die oog op die beroep van 'n tweede predikant, wil **Gemeente Randburg** graag kennis maak met die Kerk se predikante. Die volgende datums word opsygesit vir besoekende predikante: 21 Desember 2008, 25 Desember 2008 (Kersdiens), 28 Desember 2008 en 4 Januarie 2009. Predikante wat belang sou stel om van hierdie preekgeleenthede gebruik te maak, moet die gemeentelike kerkkantoor kontak by 011 787 4983, of Elna van der Walt by ElnaV@nhk-randburg.org.za. Die liturgiese orde, Skrifgedeelte, tema en liedere moet so spoedig moontlik deurgegee word, sodat die multimedia voorbereidings gedoen kan word. Enige navrae kan gerig word aan ds CJ van Wyk by 011 787 3020 of cjvwyk@nhk-randburg.org.za.

- **Gemeente Poort** het op Sondag 12 Oktober besluit om sy naam te verander na Montana-Oos. Die gedagte in die Kerk is juis dat 'n gemeente se naam, veral in stedelike gebiede, die gebied of grense aandui waarbinne die gemeente ressorteer. Nuwe intrekkers weet nie waar Poort is nie en die nuwe naam sal veral dié lidmate help om hulle gemeente makliker te vind.

ANDER NUUS

- **Sondag 19 Oktober** is bepaal as **Biddag vir die Gesaaides.** Predikante word versoek om tydens die eredienste aandag aan die feesdag te gee.

- Die **Raad vir Regsadvies** eet op Vrydagaand 17 Oktober saam met **prof Schalk Botha** en sommige van sy kinders om aan hom dank te betuig vir die jare wat hy gedien het as lid van die Raad, baie jare as voorsitter. Onder sy leiding is onder meer die nuwe Kerkorde geskryf.

- **Komende vergaderings**

  - Taakspan op Maandag 20 Oktober om 09:00.
  - Moderamen se laaste geskeduleerde vergadering van die jaar op Donderdag 23 Oktober.
  - Raad vir SENTIK op Maandag 27 Oktober om 10:00 (en nie meer op 20 Oktober nie).

- **Die pryse vir die publikasies vir 2009 is soos volg:**

Almanak en Bybelse Dagboek	R90
Konteks (10 uitgawes per jaar)	R110
Die Hervormer (11 uitgawes)	R70

Bestellings moet geplaas word by mev Cecile Naudé van SENTIK, by tel 012 322 8885, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za.

KOMMENTAAR

- Positiewe kommentaar oor en nuwe intekenings op die *e-Hervormer* word steeds daagliks ontvang. Die nuusbrief word tans reeds aan 907 persone en instansies gestuur.

- Indien u probleme ondervind om die *e-Hervormer* te lees, gaan na die Kerk se webblad by www.nhk.co.za → Publikasies → e-Hervormer → Laai Adobe Reader af.

ADVERTENSIES

- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** benodig 'n **voltydse orrelis.** Gewone orrelisteskale dien as vergoeding. Die sluitingsdatum vir aansoeke is einde Oktober. Tree asseblief in verbinding met ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 indien u belangstel.

- **Gemeente Turffontein** het 'n vakature vir 'n **orrelis.** Die gemeente het nie aanddienste nie, dus moet die orrelis optree tydens oggenddienste, huwelikbevestigings en begrafnisse. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na loftusmans@myconnection.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Miemie Labuschagne, by 076 284 6099 indien u meer inligting benodig.

- **Gemeente Vaalpark** hou op Vrydag 24 Oktober sy agtste jaarlikse **gholfdag** by Meyerton se gholfbaan. Inskrywings beloop R130 per speler. Dit is 'n IPS-spel en die eerste afslaan is vanaf 11:00. 'n Ligte aandete word na die prysuitdeling bedien. Die gemeente sal 60% van die geld wat geïn word, vir barmhartigheidswerk in die plaaslike gemeenskap bewillig. Om in te skryf, kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of per e-pos by danie.leroux@eskom.co.za, of Johann Hugo by 082 920 9455.

- Op Saterdag 25 Oktober hou **Gemeente Belfast** hul jaarlikse **gholfdag.** Alle belangstellendes moet asseblief skakel met Christelle du Toit (tel 083 737 4930) of Annemarie of Cecilia by die klub (tel 013 253 0981). Die gholfdag neem die vorm aan van 'n IPS-spel, en die koste is R150 per persoon. Dit sluit 'n ete in. Daar is goeie pryse te wen. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- **Gemeente Weltevreden** hou op Dinsdag 28 Oktober sy jaarlikse **gholfdag** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. R1 600 per vierbal – dit sluit in 'n gholfkarretjie, gholfhemp en 'n ete. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013.

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys **(TOIBO)** hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op **Vrydag 7 November**. Die inskrywingsfooi is R400 per persoon. Enige bystand met die pryse sal ook waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur 'n e-pos aan toibo@nhk.co.za.

- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word aanstaande jaar op ’n Eerstejaarskamp verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Dit vind plaas vanaf 13 tot 16 Januarie 2009 by **Serube Sa Phakwe.** Meer besonderhede is na gemeentes gestuur en kerkrade word versoek om dit aan die jongmense bekend te maak. Ds Rudi Denton kan ook geskakel word by 018 294 3509 of 082 459 9710. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.

- **Ons soek na silwer Nagmaalbekers**

  Gemeente Rustenburg-Suid wil graag twee bykomende silwer Nagmaalbekers aankoop. Kan iemand ons asseblief help met die kontakbesonderhede van verskaffers? Kontak Dawie Smith 014 592 2364, 082 484 955 of nhrbsuid@mweb.co.za.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse/lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer daarvoor. Die lenings/beurse wissel van R500 tot ’n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 November** jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

- **Oorwinningskinders** is ’n projek van die Algemene Diakensvergadering (ADV). Hierdie groep jong Hervormers hou konserte om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402 vir optredes.

- Die **Pretoria Manskonvensie** is ’n interkerklike, Christelike konvensie vir mans. Op **Saterdag 18 Oktober** trek ons saam by die ouditorium van UP se Groenkloof-kampus om te leer hoe om afhanklik van die Here te leef. Die sprekers is leraars van die drie susterskerke. Koste beloop R120 per persoon (middagete en koffie/tee ingesluit). Bespreek by Computicket, en kry meer inligting by inligting@christenkonvensies.co.za.

- Die NHSV hoofbestuur stel met trots bekend die uithaler resepteboek ***Smul met smaak***. ’n Groot verskeidenheid heerlike resepte is saamgestel deur Maryna Loots, wat in eie reg ’n bobaas bakster is. Baie ander dames het ook resepte ingestuur. Dit is ’n pragtige Kersgeskenk wat u met die grootste vrymoedigheid aan familie en vriende kan gee. Stel die boek asseblief ook in u gemeentes bekend. Kontak Jeanette Fourie by die NHSV kantoor 012 325 0117 of 082 429 1565 om bestellings te plaas. Die prys is R100.



AGTERBLAD

Die Ondersteuningsraad word 60

Die Ondersteuningsraad het in 1948 ontstaan. Wanneer ’n mens terugkyk oor die afgelope 60 jaar, kan jy maklik verval in statistieke. Daar is duisende gesinne en individue wat oor die jare geraak is deur die werk wat hierdie merkwaardige organisasie in die hart van die Kerk en ons gemeenskap gedoen het.

In die afgelope verslagjaar alleen, is statutêre dienste gelewer in meer as 5 000 sake. Dit is sake, onder andere in die Kinderhof, waar die ingrype van ’n geregistreerde maatskaplike werker ’n vereiste is. Voeg daarby die nagenoeg 4 400 gevalle waar voorkomingsdienste uit die 20 kantore gelewer is, vermenigvuldig dit alles met 60, en ’n mens begin verstaan wat Die Ondersteuningsraad vir die Kerk en ons land oor die jare beteken het!

Die Ondersteuningsraad beskik tans oor ’n personeel van 80 mense in 20 kantore en 25 satellietkantore in vier provinsies van ons land. Hulle staan onder die bekwame leiding van mev Mariaan Steenkamp, die direkteur.

*** **In die November/Desember-uitgawe van *Konteks* verskyn twee artikels oor Die Ondersteuningsraad. Dié uitgawe sal aanstaande week beskikbaar wees.**